13.10 RAPPORT 2 – DEPUTATE VIR ADVIES INSAKE TOESEGGINGS UIT DIE RENTE VAN DIE SUSTENTASIEFONDS – REGLEMENT (Art 222)

A. Ds CA Jansen lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

1.1 Acta 2009:260.
1.2 Die Deputate het oor ‘n alternatiewe metode van toekennings besin sodat die praktiese uitvoering beter beantwoord aan KO, artt 41 en 49. Die belangrikste meerdere vergadering is die Klassis. Naburige kerke is beter ingelig oor en ingestel op die nood van mekaar, en is verantwoordelik vir “hulp (van die Klassis) vir die regte bestuur” in kerke. Die werkswyse tot op hede neig te veel in die rigting van Kollegialisme.
1.3 In die lig van die besluit van 2009 en die herbesinning oor werkswyse, is dit noodsaaklik dat die Reglement ook hersien moet word.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die Reglement het sy eie nommering.
2.2 Die dele/woorde wat byvoegings of wysigings is, is in **bold**.
2.3 Die dele/woorde wat deurgehaal is, is wat weggelaat/geskrap moet word.
2.4 Motiverings word *kursief* in hakies gegee.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 (Die Reglement het sy eie nommering.)

REGLEMENT VAN DIE SUSTENTASIEFONDS
VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Die onderstreepte dele/woorde is wysigings/byvoegings tot die huidige Reglement, terwyl die deurgehaalde dele/woorde weggelaat/geskrap moet word.

1. Sinodale magtiging

1.1 Kragtens ‘n besluit van die Nasionale Sinode 1997 word die Eeufeesbedieningsfonds (Acta 1942) en die Duvenagefonds (Acta 1936) saam gevoeg tot die GKSA SUSTENTASIEFONDS waarin beide die fondse se oorspronklike doelstellings opgeneem word.
1.2 Die GKSA SUSTENTASIEFONDS is ‘n Sinodale fonds wat in die lewe geroep is met ‘n spesifieke doel en wat deur die Algemene Sinode beheer word deur Deputate wat daarvoor aangewys word.

2. Naam van die Fonds

GKSA Sustentasiefonds.

3. Doel van die Fonds

3.1 Finansiële hulp en advies aan kerke in die uitvoering van Christus se opdrag om die evangelie aan alle mense te bedien. Die primêre fokus is die uitbreiding van God se koninkryk in die opbou en uitbou van die kerk volgens Matt 28.

3.2 Finansiële oorbruggingshulp en advies aan kerke wat weens vertrek van lidmate of sosio-ekonomiese omstandighede nie die instandhouding van Woordbediening kan volhou nie. Hierdie hulp word gegee nadat die Klassis volgens KO, artt 41 en 44 die kerk bygestaan het om alternatiewe te vind oa kombinasie, bedieningsooreenkoms of samewerkingsooreenkoms.

3.3 Finansiële hulp en advies aan kerke sodat kerke deur die bediening van die Woord kan groei tot finansiële selfstandigheid onder leiding van die Klassis volgens KO, art 38.

3.4 Finansiële hulp en advies aan kerke vir wie daar geen alternatiewe (bv kombinasie, bedieningsooreenkoms, samewerking) vorme van Woordbediening bestaan nie en dit noodsaaklik is dat daar 'n kerk moet bly voortbestaan.

4. Beheer

4.1 *Deputate*

4.1.1 Die Algemene Sinode wys die Bestuur van die Administratiewe Buro aan om in die uitvoering van Sinode opdragte die doelstellings van die fonds na te kom, aan die vereistes van die Reglement te voldoen en daadwerklike pogings aan te wend om die fonds uit te bou.

4.2 *Samestelling van Deputate*

4.2.1 Die Bestuur van die Administratiewe Buro wys na elke Sinode 3 kundiges uit eie geledere aan om saam met een afgevaardigde van elke Streeksinode as Deputate vir die fonds te dien.

4.2.2 Die Deputate se taak is ook om Klassisse en kerke van advies in alle finansiële aspekte ten opsigte van sustentasie te bedien.

4.2.3 **Van** ~~D~~die personeel ~~Uitvoerende Bestuurder~~ van die Administratiewe Buro ~~en van sy personeel~~ dien ampshalwe op die Deputate.

4.2.4 Die Deputate wys uit eie geledere 'n Dagbestuur aan.

4.2.5 Die Dagbestuur bestaan uit die 3 kundiges wat uit eie geledere aangewys is plus een van die streeksinode se deputate sustentasie uit wie se ressort die betrokke tussentydse aansoek om sustentasie kom.

4.3 *Taak van die Dagbestuur.*

4.3.1 Om in hoogs uitsonderlike gevalle buitengewone sustentasie-aansoeke te hanteer soos in 8.7 uiteengesit.

4.3.2 Om adviese aan kerke en Klassisse te koördineer.

4.4 *Termyn van Deputate*

4.4.1 Die termyn van die Deputate is van Algemene Sinode tot Algemene Sinode.

5. Fondse

~~5.1 *Bydraes*~~

5.1.1 Fondse word verkry deur bydraes (sluit oa in kollektes, vrywillige bydraes van kerke en lidmate, skenkings, boedelbemakings) te ontvang of soos deur die Sinode besluit.

~~5.1.2 Bydraes wat ontvang word, word gelykop verdeel tussen die Kapitaalfonds en Rentefonds of soos deur die Sinode besluit.~~

~~5.2 *Kapitaalfonds*~~

~~5.2.1 Die Kapitaalfonds groei alleen deur bydraes wat in trust belê word.~~

~~5.2.2 Die rente-inkomste word oorgedra na die Rentefonds.~~

5.2.3 ~~Die Kapitaalfonds mag nie gebruik word vir Sustentasie nie~~ **Die Bestuur van die Administratiewe Buro bepaal, in oorleg met die deputate 'n reserwebedrag wat nie vir sustentasie aangewend sal word nie, sodat in die bedieningsnood en uitbreiding van kerke voorsien kan word**.

~~5.3 *Rentefonds*~~

~~5.3.1 Die Rentefonds groei uit bydraes ontvang en rente inkomste van die Kapitaalfonds.~~

~~5.3.2 Alleen gelde in die Rentefonds word aangewend vir sustentasie aan kerke.~~

5.4 Die finansiële boekjaar is 1 Julie tot 30 Junie.

6. Administrasie

6.1 Die administrasie van die fonds is opgedra aan die Administratiewe Buro van die GKSA wat die fonds volgens neergelegde finansiële beleid bestuur en aan die Algemene Sinode verslag doen.

6.2 Die Deputate ontvang jaarliks ‘n uiteensetting van die stand van die fondse en die bedrag wat vir sustentasie toekenning vir die volgende jaar beskikbaar is.

7. Aanwending van die fondse

7.1 Die Sustentasiefonds is ‘n ~~trustfonds~~ **spesifieke fonds** wat deur die Administratiewe Buro bestuur word. Van hierdie fondse kan as lenings aan kerke beskikbaar gestel word onderhewig aan die goedkeuring van die volle Bestuur van die Administratiewe Buro.

7.2 ~~Die opbrengs op die kapitaal sal nie by die Kapitaalfonds gevoeg word nie, maar in die Rentefonds gestort word vir sustentasie~~.

8. Aansoeke

8.1 *Prosedure vir die aansoek vir sustentasie by die GKSA Sustentasiefonds:*

8.1.1 ‘n Kerkraad doen aansoek by die Klassis (volgens die toepaslike bepalings van die Reglement) en op die voorgeskrewe aansoekvorm wat elke jaar by die Administratiewe Buro verkry moet word.

8.1.2 Die aansoekvorm moet volledig voltooi en elektronies ingedien word.

8.1.3 Motivering en omskrywing van die spesifieke omstandighede moet die aansoek vergesel. Kerke wat aansoek doen, moet ‘n duidelike strategiese bedieningsplan voorlê waarin doelwitte binne die doel van hierdie fonds uiteengesit word asook die wyses waarop die kerkraad beoog om hierdie doelwitte te bereik. Die bedieningsplan moet aan ‘n tydsraamwerk gekoppel word.

8.1.4 Motivering en omskrywing van die nood van die gemeente waarin die Kerkraad aantoon watter pogings hulle aangewend het om die nood op te los, deur oa kombinasievorming, bedienings- of samewerkingsooreenkomste en fonds-insamelings.

8.1.5 ‘n Volledige verklaring van opgehoopte fondse en trustfondse, fondse op beleggings moet in die state vervat word, asook uitstaande of agterstallige ramings en ander skulde.

8.1.6 Indien die kerk in kombinasie is met kerk(e) wat nie om hulp vra nie, word beide se state verlang asook ‘n uiteensetting van onderlinge finansiële verpligtinge in die kombinasie. ‘n Tydsverdeling van die predikant se werksaamhede in die kombinasie word ook verlang.

8.1.7 Deputate van die Klassis moet die aansoek(e) **voor die sitting** van die Klassis (volgens Reglement) hanteer sodat ~~dit tydens die Klassis afgehandel kan word~~ **verantwoordelike advies aan die klassis gegee kan word vir die behandeling en afhandeling van die aansoek**.

(*Deputate het nie besluitnemingsbevoegdheid nie*)

8.1.7.1 Kontroleer alles en sorg dat motiverings en syfers korrek is.

8.1.7.2 Behandel die aansoek deur nie-sustenteerbare items af te trek.

8.1.7.3 Riglyne vir eenvormige behandeling van aansoeke waarbinne sekere items wel oorweeg word vir sustentasie

8.1.7.3.1 Trustfondse word nie in ag geneem by beoordeling vir sustentasie nie, maar wel die opbrengs daarvan.

8.1.7.3.2 Sodanige trustfondse moet egter baie duidelik aangetoon word en gemotiveer wees waarom die kapitaal nie gebruik mag word nie.

8.1.7.3.3 Ouditkoste is sustenteerbaar ten einde geouditeerde state wat korrekte syfers bevat, te verseker.

8.1.7.3.4 Ander items wat duidelik verklaar is, sal op meriete beoordeel word na gelang van die beskikbare fondse.

8.1.7.3.5 Bankkoste en rente op skuld is sustenteerbaar.

8.1.7.3.6 Indien kerke 'n oorskot aan die einde van die boekjaar toon, moet dit in aanmerking geneem word met inagneming van die begrote syfers vir die laaste ses maande van die huidige kalenderjaar.

8.1.7.4 Die nie-sustenteerbare items sluit onder andere die volgende in, tensy die noodsaak ter wille van Woordbediening aangetoon word:

8.1.7.4.1 Donasies.

8.1.7.4.2 Onderhoud en herstel van geboue.

8.1.7.4.3 Tuinarbeider.

8.1.7.4.4 Honoraria.

8.1.7.4.5 Affiliasiegelde.

8.1.7.4.6 Waardevermindering.

8.1.7.4.7 Tekorte van vorige jare.

8.1.7.4.8 Bydraes tot fondse soos Bybelverspreiding, Emeritaatsfonds, Nood-toestande, onthaaltoelaag, studietoelaag; boeke aankope, Kerkblad-intekening.

8.1.7.4.9 Agterstallige ramings.

8.1.7.4.10 Kapitale uitgawes.

8.1.7.4.11 Afbetalings van lenings of ander skuldlaste nie.

(*Die uiteindelike verantwoordelikheid vir die toekenning van sustentasie aan 'n gemeente, lê by die Klassis. Die gemeente vul alle inligting op die sustentasievorm in, sodat die Klassis 'n geheelbeeld kan vorm van die finansies van die gemeente. Hierdie nie-sustenteerbare items word hier in die Reglement genoem om die Klassis te help in sy beoordelingsproses*)

8.1.7.4 Vul die gedeeltes wat deur die Klassis voltooi moet word, in. ~~Deputate van die Klassis rapporteer aan die Klassis.~~
(*is reeds in punt 8.1.7.5 vervat*)

8.1.7.5 'n Volledige Rapport met werkswyses en toepassing van die Reglement word tesame met die aanbevelings aan die Klassis voorgelê.

8.1.8 Klassis beoordeel die aansoek en lewer 'n Rapport met aanbevelings aan die Streeksinode Deputate.

8.1.9 Die Klassis se verantwoordelikheid word nagekom deur die volgende te doen:

8.1.9.1 Die Klassis moet sy eie motivering omskryf waarin die volgende vervat word:

8.1.9.1.1 Die redes en omskrywing van die nood van die kerk asook die uitvoerbaarheid en volhoubaarheid van die bedieningsplan.

8.1.9.1.2 Die Klassis moet homself vergewis van die nood van die betrokke kerk en daaraan aandag skenk.

8.1.9.1.3 Die tydsduur van die nood en die moontlikheid van beweging tot finansiële selfstandigheid moet volledig omskryf word.

8.1.9.1.4 Die Klassis moet ~~redes aanvoer waarom daar nie kombinasievorming plaasgevind het nie.~~ **homself kan verantwoord waarom alternatiewe (kyk 8.1.4) vir die gemeente nie moontlik is nie**.

8.1.9.1.5 Die Klassis moet ~~aandui en motiveer~~ **homself verantwoord** waarom en hoe 'n betrokke kerk se aansoek voldoen aan die bepalings van die: **Doel van die Fonds (3)**. Hier moet veral gelet word op die feit dat die kerk se taak is **om die evangelie aan alle mense te bedien (3.1)**. In die lig hiervan moet op die volgende drie vereistes vir hulp aan 'n kerk gelet word: **oorbruggingshulp (3.2); groei tot finansiële onafhanklikheid (3.3); noodsaaklike voortbestaan (3.4)**.

8.1.9.1.6 Aantoon of die predikant(e) met behoorlike onderhoud versorg word (KO, art 11).

8.1.9 Die Klassis moet **in die aansoeke** aantoon hoeveel uit eie fondse beskikbaar gestel word vir die sustentasie.

8.1.10 Al die bogenoemde Klassisbesluite moet in 'n Notule-uittreksel voorgelê word.

8.1.11 'n Volledige Rapport met werkswyses en toepassing van die Reglement word te same met die aanbevelings deur die Klassis voorgelê aan die Deputate van die Streeksinode.

8.2 Deputate van die Streeksinode hanteer die aansoeke saam met Deputate van al sy Klassisse.

8.2.1 Behandel die aansoek(e) volgens Reglement en maak seker dat die aansoek(e) daaraan voldoen.
8.2.2 Die Streeksinode Deputate kontroleer alles en sorg dat motiverings en syfers korrek is.
8.2.3 Voltooi die toepaslike gedeeltes op die aansoekvorm.
8.2.4 Die Streeksinode moet sy eie motivering omskryf.
8.2.5 Die Streeksinode moet aantoon hoeveel uit eie fondse beskikbaar gestel word vir die sustentasie **en dit in die aansoeke aantoon**.
8.2.6 ~~'n Volledige Rapport met werkswyses en toepassing van die Reglement word tesame met die aanbevelings as Eerste Rapport aan die Streeksinode voorgelê.~~

(*elke meerdere vergadering bepaal sy eie werkswyse*)

8.2.7 Deputate van die Streeksinode lewer 'n Rapport met aanbevelings aan die Deputate van die Algemene Sinode en versend die aansoeke na die Deputate GKSA Sustentasie elektronies.

8.3 *Prosedure vir behandeling van die aansoeke vir sustentasie deur die Deputate GKSA Sustentasie*

8.3.1 Behandel al die aansoeke op meriete volgens die Reglement en maak uit beskikbare fondse toekennings uit die GKSA Sustentasiefonds aan die onderskeie ~~kerke~~ streeksinodes

8.3.2 Elke aansoek word op sy eie meriete hanteer, ~~Daarom is dit noodsaaklik dat elke Klassis waaruit 'n aansoek kom, se Sustentasiedeputaat die vergadering van die Deputate GKSA Sustentasie sal bywoon. Hierdie deputaat van elke Klassis moet die geleentheid kry om ook die onderskeie aansoeke uit die Klassis op hierdie vergadering te verduidelik en motiveer.~~ **waarin die motiverings van die onderskeie Klassisse en Streeksinodes verreken word.**

8.3.3 Indien nodig word wysigings volgens die reglement in die aansoeke aangebring

8.3.4 Die Deputate GKSA Sustentasie **maak die toekenning deur die beskikbare fondse**:

8.3.4.1 vir berekeningdoeleindes gelykop te verdeel tussen al die gemeentes wat aansoek om sustentasie gedoen het.

8.3.4.2 toe deel aan die gemeentes wat minder as die gemiddelde syfer aangevra het.

8.3.4.3 die restant van bedrag minder as die gemiddelde by te reken by die oorblywende beskikbare fonds en dit gelykelik te verdeel tussen die gemeentes wat vir meer as die gemiddelde aansoek gedoen het.

8.3.4.4 in hierdie toedeling besondere behoeftes van gemeentes (soos weergegee in die motiverings van die Klassisse en Streeksinodes) verantwoordelik te verreken.

8.3.4.5 aan die Streeksinodes die toegekende bedrag per gemeente en die totaal vir die gemeentes in die ressort van die streeksinodes deur te gee.

~~stuur 'n Rapport aan die Streeksinodes waarin verslag gedoen word en die toekennings gemotiveer word.~~

8.3.4 Dit staan die Streeksinode vry om kerke verder te sustenteer.

8.3.5 ~~Nadat die Deputate GKSA Sustentasie finaal besluit het, ontvang die Kerk 'n begroting van die Streeksinode se Deputate Sustentasie waarvolgens hulle begrotings moet beheer en dissipline moet uitoefen. Die Streeksinode gee ook terugvoering aan elke Klassis in sy ressort.~~

(*hierdie neig te veel na kollegialisme*)

8.4 ~~*Riglyne vir eenvormige hantering van aansoeke*~~

~~8.4.1 Sustentasie moet voldoen aan die **Doel van die Fonds** soos omskryf in **3**.~~

~~8.4.2 Trustfondse word nie in ag geneem by beoordeling vir sustentasie nie, maar wel die opbrengs daarvan.~~

~~8.4.3 Sodanige trustfondse moet egter baie duidelik aangetoon word en gemotiveer wees waarom die kapitaal nie gebruik mag word nie.~~

~~8.4.4 Ouditkoste is sustenteerbaar ten einde geouditeerde state wat korrekte syfers bevat, te verseker.~~

~~8.4.5 Ander items wat duidelik verklaar is, sal op meriete beoordeel word na gelang van die beskikbare fondse.~~

~~8.4.6 Bankkoste en rente op skuld is sustenteerbaar.~~

~~8.4.7 Indien kerke 'n oorskot aan die einde van die boekjaar toon, moet dit in aanmerking geneem word met inagneming van die begrote syfers vir die laaste ses maande van die huidige kalenderjaar.~~

~~8.4.8 Geen sustentasie word uitbetaal vir:~~

~~8.4.8.1 Donasies.~~

~~8.4.8.2 Onderhoud en herstel van geboue.~~

~~8.4.8.3 Tuinarbeider.~~

~~8.4.8.4 Honoraria.~~

~~8.4.8.5 Affiliasiegelde.~~

~~8.4.8.6 Waardevermindering.~~

~~8.4.8.7 Tekorte van vorige jare.~~

~~8.4.8.8 Bydraes tot fondse soos Bybelverspreiding, Emeritaatsfonds, Noodtoestande, onthaaltoelaag, studietoelaag; boeke aankope, Kerkblad-intekening.~~

~~8.4.8.9 Agterstallige ramings.~~

~~8.4.8.10 Kapitale uitgawes.~~

~~8.4.8.11 Afbetalings van lenings of ander skuldlaste nie.~~

~~8.5 *Bepalings oor die toeseggings uit die GKSA Sustentasiefonds*~~

~~8.5.1 Nadat die aansoeke behandel is:~~

~~8.5.1.1 Bepaal die Deputate wat die bedrae is wat deur die Klassisse en Streeksinodes uit eie fondse bygedra kan word.~~

~~8.5.1.2 Die Deputate poog dan om uit die Rentefonds toeseggings te maak sodat die totale bedrag wat toegesê is, gesustenteer kan word.~~

~~8.5.1.3 Indien daar nie genoegsame fondse tot die Deputate se beskikking is nie, sal 'n persentasie van toegekende bedrae gesustenteer word met inagneming van elke Streeksinode se vermoë om te help.~~

~~8.5.1.4 Indien 'n kerk wat Sustentasie ontvang het, se finansiële posisie gedurende die jaar skielik en onverwags positief verander (bv deur 'n erflating of skenking) moet die kerk die Sustentasiedeputate daarvan in kennis stel sodat 'n moontlike aanpassing in die oorspronklike toekenning deur die Deputate gemaak kan word.~~

8.5 *Afhandeling deur die betrokke meerdere vergaderings*

8.5.1 Die Streeksinode

8.5.1.1 Die Streeksinode, besluit op advies van sy Deputate, oor die toekenning van sustentasie aan elke Klassis.

8.5.1.2 die Streeksinode se toekenning aan elke Klassis kan verskil van die toekenning wat die Deputate van die Algemene Sinode gemaak het, waarvoor die Streeksinode homself verantwoord.

8.5.2 Die Klassis

8.5.2.1 die Klassis neem die finale besluit oor die toekenning van sustentasie aan elke gemeente.

8.5.2.2 die Klassis se besluit kan op een van die volgende maniere geneem word: deur 'n Klassis byeen te roep, deur op die vorige Klassis te besluit op 'n classis contracta vir afhandeling van die saak of deur Deputate aan te wys met 'n welomskrewe opdrag (KO, art 49) om die saak af te handel.

8.5.2.3 die finale toekenning aan elke gemeente kan verskil van die toekenning wat die Streeksinode gemaak het, waarvoor die Klassis homself verantwoord.

(D*ie finale besluit lê by die Klassis. Die Klassis, as 'n vergadering van naburige kerke, behoort die beste kennis te dra van elke gemeente se besondere situasie en daarvolgens die hulp te verleen.)*

8.6 *Uitbetalings uit die Sustentasiefonds aan Streeksinodes*

8.6.1 Uitbetalings aan die Streeksinodes word kwartaalliks deur die Administratiewe Buro vooruit gedoen.

8.6.2 Ramings word volgens Sinodebesluit afgetrek en direk in die naam van die kerk oorbetaal aan die onderskeie instansies.

8.6.3 Die Administratiewe Buro bestuur die uitbetalings aan kerke, indien nodig.

8.6.4 Kerke wat vakant is, ontvang normaalweg vir die tydperk van vakantskap nie sustentasie uit die Sustentasiefonds nie, behalwe as die bedieningsplan skipbreuk gaan ly.

8.6.5 By vertrek van 'n predikant sal uitbetalings slegs geskied vir die tydperk waarin hy aan die kerk of kombinasie verbonde was.

8.6.6 Indien 'n kerk sustentasie ontvang het vir 'n tydperk na die datum waarop daardie kerk se verpligting tot onderhoud van die predikant beëindig is, moet daardie kerk die betrokke bedrag terugbetaal.

8.7 *Buitengewone of tussentydse aansoeke om sustentasie*

8.7.1 Buitengewone of tussentydse aansoeke om sustentasie is nie ‘n kortpad of laat aansoek om sustentasie te verkry nie.

8.7.2 Die uiterste nood en skielike onverwagte verandering van ‘n kerk se finansiële toestand moet DUIDELIK gemotiveer word.

8.7.3 So ‘n tussentydse aansoek word deur die Dagbestuur hanteer en die Reglement sal in alle opsigte geld.

8.7.4 Die Klassis of waar nie anders kan nie, ‘n Klassis-kontrakta moet homself baie duidelik vergewis van die noodsaak van so ‘n tussentydse aansoek en die aansoek moet volledig gemotiveer word.

8.7.5 Die betrokke Streeksinode deputaat op die Deputate van die GKSA Sustentasiefonds moet deur die betrokke Klassis by so ‘n aansoek betrek word.

8.7.6 Die betrokke Streeksinode deputaat op die Deputate GKSA Sustentasiefonds sal saam met die Dagbestuur die aansoek in behandeling neem en vir goedkeuring aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorlê.

Besluit: Punt 3 goedgekeur.